# Hoofstuk 12

SKILDERY VAN DIE MEESTER (01.06.1840) HIM1.027
Selfportret van die Uiterlike van JaHshua.

01] Wat die vrome begeerte van die skilder W. aanbetref, wat hy vir 'n lang tyd reeds het, meer in sy kop as in sy bors en sy ingewande, sê Ek dat 'n skildery, nie van kleur, nog minder van hout of selfs van metaal of klip, vir My aanneembaar is nie.

02] Want kyk, dit alles is niks anders as materie nie, en is dus dood. Maar sou jy My nou ook figuurlik kan voorstel in die materie, dan stel jy My voor as 'n dooie, soortgelyk aan My met vel-bedekte buitenste vorm, wat dikwels die lewendige uit jul hart wegneem en 'n dooie beeld van My vel in sy plek agterlaat.

03] Daarom moet julle baie meer strewe na die **lewende beeld van My Liefde en Genade in julle harte**, as na 'n getroue afdruk van My vel! Want net soos julle lewe nie in die vel woon nie**, maar net in die hart**, so ook vanuit My het geen lewe 'n oorsprong deur My vel nie, maar uit My diepste Diepte in jou in - net soos van nature al die lig en al die warmte van die son uitstraal vanuit sy sentrum, waar 'n klein vonkie van My erbarmende Liefde dormant woon. -Kyk, dit is die waarheid!

04] Maar as jy steeds 'n prentjie van My vel wil hê, sal Ek dit vir jou gee, soos Ek vir die Volk van Israel 'n koning gegee het! **Wee diegene wat dit wil aanbid**! Hulle siel sal moeg word en hulle gees op sigself sal skaars My lewe ten volle vind.

05] **Maar hierdie is nou die vorm van My vel, naamlik dié van die kop, die hare, die oë, die neus, die mond, die ore, die ken, en die nek:**

06] Die kop is 10 duim hoog, sonder die hare, en 7 duim is wydte, sonder die hare. Die voorkop het 2 vyfdes van die hele lengte van die gesig, en dan is die neus 1en 1/2 vyfde (een-en-een-halwe vyfde) daarvan, en dus van die neus tot aan die einde van die ken ook 1 en 1/2 vyfde (een-en-een-halwe vyfde ).

d Een duim is ingeveer 2.5 cm. Dan lyk die gegewe afmetings soos volg: Kop (gesig) = 25 cm hoog en 17.5 cm wyd. Die voorkop {2 vyfdes x 5 [een vyfde] van die gesig} = 10 cm hoog. Die neus = {1.5 [een-en-een halwe] x 5 [een vyfde] } = 7.5 cm lank. Van die neuspunt tot einde van die ken is dan ook 7.5 cm.

07] Die voorkop is ovaalvormig geboë, en glad, **baie lig van kleur,** vol van goddelike majesteit in die hare, met 'n lig-goudblonde voorkoms.

08] Die oë lyk groot, die iris is blou. Die pupille baie swart, so langs die blou. Die hoeke binnewaarts gebuig. Die wimpers duidelik en die wenkbroue donkerbruin.

09] Die neus is reguit en adellik, sag en smal, maar nie te smal nie.

10] Die mond is vol waardigheid en grasie, half oop, soos wanneer 'n minnaar praat met sy bruid, nie te smal, ook nie te wyd, maar gewoon, so die bolip en ook die onderste lip, sag in die hoeke en sag in die middel.

11] 'n Ietwat opvallende ken, nie te wyd, nie te smal, goed getooi in 'n effens donkerder baard as die hare. Laasgenoemde verdeel in die middel van die ken. Die baard blyk ietwat yl te wees langs de twee kake en bedek nie meer as 1/5 van die wange nie. So blyk ook die snorbaard gewoon te wees, sodat die lippe of die twee hoeke van die mond nie geraak word nie.

12] En die ore presies in ooreenstemming met en in verhouding tot die neus, en is vry van (onbedek deur) hare, wat 'n handbreedte lank saggies agter oor die nek val.

13] Die nek is middelmatig, volmaak, soos dié van 'n maagd.

14] Die uitdrukking van die gesig is soos dié van 'n bruidegom vol liefde, in **die weemoedige aangesig van sy ontroue bruid,** netsoos iemand wat met die mees liefdevolle hart afskeid neem, met 'n traan van reine en ware liefde.

15] Die gestalte is geklee in 'n hemelsblou, Israelitiese, wye plooirok met 'n wit vingerbreedte omboorsel, staande, kaalvoet, die regterhand uitgestrek na julle, sondaars – as't ware seggend: "***Kom na My almal wat vermoeid en belas is! Ek sal julle verkwik***!" - en die linkerhand op die hart, seggend: "Kinders, daar is die Weg van die Lewe, daar is die deur na die Vader! Wie nie daardeur gaan nie, kom nie by die Vader uit nie!"

16] Hierdie beeld, presies soos dit nou beskryf is, sal soos staan op 'n heuwel, waaragter 'n grote Heerlikheid verrys. Aan My regterkant en links sal twee groot pilare wees, versier met twee vurige gérubs. En tussen die pilare 'n tafel van Gebooie, gedra deur 'n Seraf. Vanaf hierdie twee pilare, na links en na regs, gaan 'n sterk muur uit.

17] Maar onder die heuwel, in die vlakte, is daar verskeie groepe mense teenwoordig, van wie min hulle oë op My gerig het; die meeste het hul oë van My weggedraai en staan op 'n klein, gebreekte Gebodstafel. In die heel verste linkerhoek is daar 'n bende, met lere leunend teen die mure, om dit te bestorm, terwyl die lere veels te kort en te swak is, waarvan 'n paar gebreekte stukke reeds getuig.

18] Agter My hoof verskyn daar, baie dofweg - asof omring deur 'n digte waas - dele van die nuwe Stad van die Heiligheid van Elohim, wat sopas voor julle begin neerdaal het. (*die geskrifte van Jakob Lorber*)

19] Kyk, dit is 'n volmaakte beeld, as dit word soos Ek dit getrou aangedui het. Maar dit sal moeilik wees om dieselfde te doen sonder My Genade. Maar as die skilder W, die ysterman, dit uit suiwer Liefde vir My wil doen, dan sal die Genade nie wegbly nie, en die beeld sal almal verstom wat dit sien, al is dit net uit nuuskierigheid, en dit sal vele klipharte breek,

aangesien dit nie net 'n gewone beeld sal wees nie, maar as sulks **'n gewigtige eerste letter van die Nuwe Jerusalem,** soos wat dit alleenlik beskou moet word! Amen.

20] Ek, JaHshua, die ware Messias, vol liefde en wysheid! Amen.

## 'N WOORD OOR VOORBIDDING (28.07.1840) HIM1.056

O Meester, ek dank U nederig vir Spanje! Mag ek aanhou bid vir diesulkes? En is ek reg as ek aanhou bid vir diesulkes?

01] Kyk, sê jy nie: As die kuns (in lae hebsug) sukkel om brood, is dit min werd; en as aan die kuns geen brood gegee word nie, het dit homself net in sy waarheid bevind!?

02] Maar, hoe dink julle is My diensbaarheid wanneer die knegte die wêreldse dinge najaag - na brood, goud en wêreldse mag?

03] Kyk, daar is geen land, soos hierdie wat jy genoem het, wat meer van die skandelikste hoerery bedryf het, fisies en geestelik, en meer van My onskuldige kindertjies verbrand en vermoor het nie, deur alle tye. Sou jy tog net soos Ek kon sien en tel, hoeveel onskuldige kleine dogtertjies is onteer en dan lewendig begrawe en ommuur deur daardie mededoënlose hordes van monnike, hoeveel seuns is geoffer aan sodomietiese hoerery, tot hoeveel duisende der duisende ongehoorde skandalige, bedrieëry en wreedhede het mense nie in die eerste plek hul toevlug geneem, om selfs net 'n geringe, tydelike doel te bereik nie; hoe mense openlik My geskrewe woord gevloek het, omdat dit nie inpas as ondersteuning vir allerhande ondenkbare gruweldade nie - dan sou jy baie duidelik gesien het wat My diens voor nagestreef en geworstel het!

04] En soos elke werker sy loon werd en waardig is, het Ek ook hierdie werkers die loon gegee wat lank reeds wel verdiend was, as 'n tydige waarskuwende voorbeeld vir die tydelike hiërargie - en die ewige het Ek behou vir myself vir die hiernamaals!

05] Dat jy van tyd tot tyd gebid het, was reg. Gaan voort daarmee, nog meer volhardend! Want die voordeel sal vir jou wees, wanneer jy jouself oefen in My grote Liefde. Maar hou steeds in gedagte dat My Regbank altyd reg laat geskied net aan diegene vir wie dit lank reeds wel verdien was.

[6] As Hus volgens My raad slim in plaas van hardnekkig was, soos Nicolaus Copernicus, wat 'n slim rekenkundige in My skepping was - sou hy nie in die vuur omgekom het nie. Want Ek sê vir julle: Jy sal die Satan altyddeur verlei met die slimmigheid van jou sagmoedigheid. - Amen. Ek, die regverdige regter, amen.